**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING / OYSTER BAY RESIDENTS' ASSOCIATION**

**NOTULE VAN ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 19 DESEMBER 2019 OM 10:00 IN DIE OESTERBAAI GEMEENSKAPSAAL / MINUTES OF THE ANNUAL GENERAL MEETING HELD ON 19 DECEMBER 2019 AT 10:00 IN THE OYSTER BAY COMMUNITY HALL**

| | |
|---|---|
| **1. OPENING**<br>Daar word geopen met gebed. | **1. OPENING**<br>The meeting was opened with prayer. |
| **2. VERWELKOMING**<br>Die voorsitter, Walter Kurten, verwelkom almal teenwoordig. | **2. WELCOME**<br>The Chairman, Walter Kurten, welcomed everyone present. |
| **3. VERSKONINGS**<br>Lana Pepler, Judy Jooste, Chris Jansen, Johan & Elna Buchner, Erna Roux, Kotie Sevenster. | **3. APOLOGIES**<br>Lana Pepler, Judy Jooste, Chris Jansen, Johan & Elna Buchner, Erna Roux, Kotie Sevenster. |
| **4. AANVAARDING VAN NOTULE AJV 2018**<br>Die notule van die AJV 2018 is aan alle lede uitgestuur en word eenparig aanvaar.<br>Voorgestel deur: Gawie Viljoen<br>Gesekondeer deur: Bernard Fourie | **4. ACCEPTANCE OF MINUTES AGM 2018**<br>The minutes of the AGM 2018 had been distributed to all members and were unanimously accepted.<br>Proposed by: Gawie Viljoen<br>Seconded by: Bernard Fourie |
| **5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**<br>Alle sake is vervat in die Voorsittersverslag. | **5. MATTERS FROM PREVIOUS MINUTES**<br>All matters were included in the Chairman's Report. |
| **6. VOORSITTERSVERSLAG 2019**<br>Die voorsittersverslag is op die webwerf beskikbaar asook by die plaaslike winkel (Oesterbaai Inwonersvereniging Inligtingsbord).<br><br>Slegs die vernaamste punte word derhalwe uitgelig. Vrae is welkom. | **6. CHAIRMAN'S REPORT 2019**<br>The Chairman's Report is available on the website and at the local shop (Oyster Bay Residents' Association Notice Board).<br><br>Only crucial points were therefore discussed. Questions were welcome. |
| **6.1 OMGEWINGSBESTUURSPLAN**<br>Walter bedank Joe vir sy harde werk. Gedurende Julie was Joe van vroeg tot laat in die nat, koue winterweer op die duine. Chris Jansen, wat vir 'n paar dae moes instaan vir Joe, het ook sy waardering per epos uitgespreek.<br><br>Terugvoering word deur Joe Meyer gegee:<br>• Mikpunt vir afhandeling van die duineprojek is amper bereik en dan moet instandhoudingswerk gedoen word – KM het hiervoor begroot – 4 keer per jaar. Branderstraat is reeds tweekeer oopgemaak, 2 eiendomme is oopgemaak en | **6.1 ENVIRONMENTAL MATTERS**<br>Walter thanked Joe for his hard work. During July Joe was present on the dunes from early morning until late afternoon in the wet, windy winter weather. Chris Jansen supervised the work in Joe's absence for a few days and he also extended his appreciation, via email.<br><br>Joe Meyer gave feedback:<br>• The target for completion of the dune project was almost reached and maintenance work must be done - KM budgeted for this - 4 times a year. Brander Street has already been opened twice, 2 properties have been opened and 10 open |

| | |
|---|---|
| 10 oop erwe is nou weer bruikbaar.<br>• Rehabilitasie van duine moet so spoedig moontlik begin. Geen drinkwater sal vir dié doel aangewend word nie en ongeveer R200 000 is deur KM begroot hiervoor. 'n Deklaag sal gegooi word om die groei van plante te bevorder.<br>• Die sandvangslote het goed gewerk en die sterk wind sedert Julie het die taak baie moeilik gemaak en indien hierdie instandhouding gestop word sal nog meer eiendomme bedreig word.<br>• Goeie ondersteuning is ontvang van KM se burgemeester en die span van omgewingsake.<br><br>Christa van Wyk doen navraag oor die koste van die projek tot op datum en voel dat dit geldmors is en voel dat die probleem nooit opgelos sal word nie en dat dit soos 'n oop myngroef lyk.<br><br>Kobus de Meyer doen navraag oor die wetlike beperking end beweer dat die sand nie meer as 100 meter van die hoogwatermerk gestoot mag word nie.<br><br>Tommy Bornman, Professor aan Nelson Mandelabaai Universiteit opper die volgende besware:<br>• Sand is oor die goedgekeurde perk en in die see ingestoot en dit benadeel die ekosisteem.<br>• Die wal wat gestoot is lyk nie mooi nie.<br>• Bulldozer werk die afglope 2 dae op die duin – dit is onwettig aangesien daar nie 'n veiligheidsoffisier teenwoordig is nie.<br>• Die gooi van 'n grondlaag op die duine om die plantegroei te bevorder. Hy stel voor dat dit op 'n klein area uitgetoets word en die resultaat met DEDEAT bespreek word.<br>• Seevlak gaan styg as gevolg van klimaatsverandering en sand in see inspoel.<br><br>Joe bedank almal vir hul insette en noem dat baie geleer is sedert die aanvang van die projek en nooi belangstellendes uit om om 'n tafel te sit en hul insette te bespreek.<br><br>• Die goedgekeurde plan word vertoon en Joe | stands are now usable again.<br>• Rehabilitation should start as soon as possible. No drinking water will be used for this purpose and approximately R200000 has been budgeted by KM for this. A mulch layer will be thrown to promote plant growth.<br>• The sand traps have worked well and the strong wind since July made the task very difficult and if this maintenance is stopped even more properties will be threatened.<br>• Good support was received from KM's mayor and environmental affairs team.<br><br>Christa van Wyk inquired about the cost of the project to date and felt that it is a waste of money and that the problem will never be solved and that it looks like an open mining quarry.<br><br>Kobus de Meyer inquired about the legal restriction and alleged that the sand may not be pushed more than 100 meters from the high water mark.<br><br>Tommy Bornman, Professor at Nelson Mandela Bay University raised the following objections:<br>• Sand has been pushed over the approved boundary and into the sea, damaging the ecosystem.<br>• The embankment being pushed does not look pretty.<br>• Bulldozer has been working on the dune for the past 2 days - it is illegal as there is no security officer present.<br>• Throwing a mulch layer on the dunes to promote vegetation. He suggested to test it on a small area and then discuss the results with DEDEAT.<br>• Sea level will rise as a result of climate change and the sand being washed into the sea.<br><br>Joe thanked everyone for their input and mentioned that much had been learned since the start of the project and invited interested parties to get together and discuss their input.<br><br>• The approved plan was displayed and Joe |

| | |
|---|---|
| verduidelik dat alle werk volgens die goedkekeurde ingenieursplanne gedoen is en dat toestemming verleen is om die sand tot by die hoogwatermerk te stoot. Die getypoel wat ingestoot het is maar ‘n verskynsel wat by enige strand gebeur. Dit is ewe skielik daar en dan skuif dit na ‘n ander area.<br>• ±R3.5m reeds spandeer – ongeveer R1.2 van KM en die res donasies deur die eienaars.<br>• Rehabilitasiewerk wat reeds gedoen is, was baie suksesvol en die duine aan die westekant van Branderstraat (voor sy huis) is reeds toegegroei en stabiel.<br>• Die sandvangslote is ook baie suksesvol en hy dui dit op ‘n kaart aan.<br>• Daar moet besluit word wat die oplossing is en wat bereik wil word. Insette sal verwelkom word.<br>• Joe bevestig dat die oophou van die Slangriviermond ook hanteer word. Die droogte het ‘n groot impak aangesien die rivier vir baie lank nie meer self deurloop see toe om die vloeipad oop te hou nie.<br><br>Daar word gepoog om ‘n klomp balle in die lug te hou en die OIV probeer hul bes om als te hanteer.<br><br>Willie du Plessis versoek dat Oesterbaaiers mekaar in ag moet neem en nie net in eie belang moet optree nie. Ons moet saamstaan, saamwerk en insette gee. Die omgewingsprobleem raak almal!<br><br>Fanie Groenewald noem dat indien niks aan die duine gedoen is nie, die doodsklok lankal vir Oesterbaai sou lui en dat Oesterbaai eventueel nie meer toeganklik sou wees nie. Dit gaan nog lank neem, maar danksy Joe, DEDEAT en KM is daar ‘n plan.<br><br>Louisa Mostert doen navraag oor die toegangspad na Klippepunt wat oor die hoofstrand loop. Voertuie wat tussen vakansiegangers deurry is gevaarlik en sy wil weet of daar nie ‘n alternatiewe pad is nie.<br>Joe bevestig dat dit ongelukkig tans die mees geskikte plek vir die pad is aangesien toestemming om die deurpad tussen Oesterlaan en Branderstraat te herbou nie deur DEDEAT goedgekeur is nie. | explained that all work had been done according to the approved engineering plans and that permission had been given to push the sand up to the high water mark. The tidal pool that pushed in is but a phenomenon that happens at any beach. It is just suddenly there and then it moves to another area.<br>• ± R3.5m already spent - about R1.2 from KM and the rest donations by the owners.<br>• Rehabilitation work already done was very successful and the dunes on the west side of Brander Street (in front of his house) are already overgrown and stable.<br>• The sand traps are also very successful and he indicated this on a map.<br>• It must be decided what the solution is and what we want to achieve. Inputs will be welcomed.<br>• Joe also confirmed that the mouth of the Snake River was also handled. The drought had a big impact as the river no longer runs through to the sea to keep the flow path open.<br><br>Attempts are made to keep a lot of balls in the air and the OBBRA is trying their best to handle everything.<br><br>Willie du Plessis requested that Oyster Bayer’s should consider each other and not just act in their own interests. We must stand together, work together and give input. The environmental problem affects everyone!<br><br>Fanie Groenewald mentioned that if nothing had been done to the dunes, the death bell would have been ringing for Oyster Bay for a long time and that Oyster Bay might not be accessible at all. It's going to take a long time, but thanks to Joe, DEDEAT and KM there is a plan.<br><br>Louisa Mostert inquired about the access road to Klippepunt which runs over the main beach. Vehicles traveling between holidaymakers are dangerous and she wanted to know if there is no alternative road.<br>Joe confirmed that unfortunately, this is currently the most suitable place for the road as permission to rebuild the road between Oester Avenue and Brander Street has not been approved by DEDEAT. |

| | |
|---|---|
| Hy onderneem om die pad in stand te hou en noem dat 'n moontlike oplossing is om mense met rooi vlae te kry wat die voertuie vergesel tydens die vakansieseisoen. Daar sal aandag gegee word aan die probleem<br><br>Johan Jacobs bedank weer vir Joe vir sy harde werk, soms onder moeilike omstandighede wat met groot opoffering gepaardgaan. Hy bevestig ook dat Joe se dienste gratis aangebied word en die gemeenskap word sodoende baie geld gespaar.<br>Johan noem ook dat almal geleentheid gehad het om beswaar aan te teken toe die proses begin is. | He pledged to maintain the road and mentioned that a possible solution will be to get people with red flags to accompany the vehicles during the holiday season. The problem will be addressed<br><br>Johan Jacobs thanked Joe again for his hard work, sometimes under difficult circumstances that are accompanied by great sacrifice. He also confirmed that Joe's services are offered for free and the community is thus saved a lot of money. Johan also mentioned that everyone had the opportunity to object when the process started. |
| **6.2 WATERVOORSIENING**<br>Otto Pepler gee terugvoering:<br>• Die waterbalans is huidig baie goed en daar is ongeveer 50k/m per dag spaar. Indien water spaarsamig gebruik word behoort daar genoeg water te wees gedurende die vakansieseisoen.<br>Die boorgate lewer goeie water, een van die fonteine het opgedroog maar die ander een loop goed.<br>• Die twee nuwe boorgate is nog nie toegerus nie, hoofsaaklik as gevolg van 'n tekort aan fondse.<br>Die nuwe pyplyn na die reservoir is ook nog nie voltooi nie aangesien die begroting daarvoor nie voldoende was nie.<br>• Tydens 'n vergadering met Willie Botha is bevestig dat beide bogenoemde projekte vroeg volgende jaar aangespreek sal word en dat dit deur KM befonds sal word.<br>• KM het twee permanente persone aangestel om om te sien na Oesterbaai se waterbehoeftes en danksy hulle en die voorman se harde werk en toewyding verloop alles vlot en klagtes word vining aangespreek en opgelos. | **6.2 WATER SUPPLY**<br>Otto Pepler gave feedback.<br>• The water balance is currently very good and there is about 50k/m per day spare capacity. If water is used sparingly, there should be enough water during the holiday season.<br>The boreholes provide good water, one of the fountains has dried up but the other is running well.<br>• The two new boreholes are not yet equipped, mainly due to a shortage of funds. The new pipeline to the reservoir has also not been completed as the budget was insufficient.<br><br>• During a meeting with Willie Botha, it was confirmed that both of the above projects will be addressed early next year and that it will be funded by KM.<br>• KM has appointed two permanent people to look after Oyster Bay's water needs and they and their foreman were thanked for the hard work and dedication to make sure that everything goes smoothly and complaints are addressed and resolved. |
| **6.3 GEMEENSKAPSAAL**<br>Walter Kurten rapporteer dat die ooreenkoms met KM vir die bestuur van die saal nog van krag is.<br>Die Bestuurskomitee het verskeie instandhoudingsprojekte by die saal hanteer. Belangstelling vir die huur van die saal was ongelukkig beperk en die behoefte aan verkoeling en kookgeriewe is telkens geopper. Martiens het intussen 2 tweedehandse yskaste | **6.3 COMMUNITY HALL**<br>Walter Kurten reported that the agreement with KM for the management of the hall is still in force.<br>The Management Committee handled various maintenance projects at the hall.<br>Unfortunately, interest in renting the hall was limited and the need for cooling and cooking facilities was raised every time. Martiens has meanwhile acquired 2 second-hand refrigerators |

| | |
|---|---|
| bekom en die behoefte aan 'n stoof sal in die nuwe jaar aangespreek word.<br>Die saal se dak is besig om te disintegreer. KM is verantwoordelik vir groter instandhoudingswerk en druk word voordurend op hulle geplaas hieroor. | and the need for a stove will be addressed in the new year.<br>The hall's roof is disintegrating. KM is responsible for greater maintenance work and constant pressure is being put on them. |
| **6.4 AFVALSTORTINGSTERREIN**<br>Deurlopende insette is nodig om die terrein in 'n aanvaarbare toestand te hou.<br>Die randte van die aflaaibrug is gebou alhoewel die werk weereens substandaard was. 'n Waghuis en toilet is ook aangebring.<br>Sommige inwoners stort steeds hul afval voor die hek wanneer die terrein na-ure gesluit is. Ons moedig toesighouers aan om hierdie persone by die Munisipale Polisie te rapporteer.<br>Reëlings is getref dat die ure by die terrein tydens die vakansie verleng word.<br>Die glasherwinningshouer is ongelukkig deur die maatskappy verantwoordelik daarvoor verwyder aangesien dit nie vir hulle lonend is nie. Die Munisipaliteit het onderneem om glas wat in aparte houers geplaas word vir herwinning weg te neem.<br>'n Vriendelike versoek word weer aan almal gerig om hul vullissakke nie op die sypaadjie te los wanneer hulle vertrek nie aangesien die ape, rondloperhonde en muishonde dit oopskeur. Neem asseblief die vullis na die stortingsterrein en indien dit gesluit is, plaas dit in die blou vullisdromme wat deur die Bestuurskomitee op verskeie plekke aangebring is. Die moontlikheid om 'n paar van hierdie dromme voor die stortingsterrein te plaas sal ondersoek word. | **6.4 REFUSE DUMPING SITE**<br>Continuous input is required to keep the site in acceptable condition.<br>The edges of the download bridge were built although the work was once again substandard. A guardhouse and toilet were also provided.<br>Some residents still dump their waste in front of the gate when the site is closed after hours. We encourage supervisors to report these persons to the Municipal Police.<br>Arrangements have been made to extend the hours at the site during the holidays.<br>Unfortunately, the glass recycling container was removed by the company responsible for this as it is not profitable for them.The Municipality undertook to remove glass placed in separate containers for recycling.<br><br>A friendly request was once again made for everyone not to leave their garbage bags on the sidewalk when they leave as the monkeys, stray dogs and mongoose tear it open. Please take the garbage to the refuge dumping site and, if it is closed, place it in the blue garbage bins provided by the Management Committee at various locations. The possibility of placing some of these bins in front of the refuge dumping site will be explored. |
| **6.5 PAAIE**<br>Joe het gedurende die jaar weer herstelwerk aan die paaie gedoen en hy onderneem om voortdurend aandag hieraan te gee.<br>Ons het gedurende die jaar verskeie gesprekke met Provinsiale amptenare oor die paaie vanaf Humansdorp en St Francis gehad. Hulle het intussen toestemming gekry om gruis te bekom van een van die omliggende plase en 'n EIA sal gedoen word. Dit sal die gruis van hierdie paaie veel goedkoper maak aangesien die vervoer van die gruis goedkoper sal wees.<br>Tydens 'n besoek van die Burgemeester het ons die swak paaie in Umzamowethu as 'n behoefte gestel en verskeie paaie in Umzamowethu en Oesterbaai is kort daarna hergruis. | **6.5 ROADS**<br>Joe did some road repairs during the year and undertook to pay constant attention to the roads.<br>During the year we had several conversations with Provincial officials about the roads from Humansdorp and St Francis. In the meantime, they have been granted permission to obtain gravel from one of the surrounding farms and an EIA will be conducted. This will make the gravel of these roads much cheaper as the transport of the gravel will be cheaper.<br>During a visit from the Mayor, we put down the poor roads in Umzamowethu as a need and several roads in Umzamowethu and Oyster Bay were graveled soon afterwards. |

| | |
|---|---|
| **6.6 KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE**<br>Die Bestuurskomitee het by sy eerste vergadering hierdie jaar besluit om nie voort te gaan met die drie-maandelikse nuusbriewe nie, maar om eerder gereeld terugvoering oor gebeure en sake van belang per kort, saaklike boodskappe op WhatsApp-groepe te kommunikeer. Persone wat nie hierdie boodskappe wil ontvang nie, is welkom om die groepe te verlaat.<br>Ons jaarlikse Desember OesterbaaiNUUS is weer deur Fanie saamgestel en hy word bedank vir die spogweergawe. Oysterbay Lodge word bedank vir die borg en verspreiding daarvan. | **6.6 COMMUNICATION/NEWSLETTERS**<br>During the first meeting of the Executive Committee it was decided that the three-monthly newsletters will be terminated and that regular feedback regarding matters of importance would rather be communicated via WhatsApp groups. People that do not want to receive these messages are welcome to just leave the groups.<br>The annual December OesterbaaiNUUS was again compiled by Fanie and he was thanked for this – something to be very proud of. Oyster Bay Lodge sponsored and distributed the newsletter and Walter extended our sincere thanks. |
| **6.7 BRANDWEER**<br>Die Burgemeester het bevestig dat die bou van die brandweerdepot wel sal voortgaan, maar kon nie bevestig wanneer nie. Dit is ook tydens die IDP-sessies bevestig en daar is onderneem om terugvoering te gee. | **6.7 FIRE STATION**<br>The Mayor confirmed that the project will continue but could not confirm the date. This was also confirmed during the recent IDP meetings and feedback was promised. |
| **6.8 UMZAMOWETHU**<br>Adriaan van Wyk spreek bekommernis uit oor die sosio-ekonomiese toestande in Umzamowethu asook die reuse probeem van drank- en dwelmisbruik onder die kinders.<br>Die span van Living Water en die skoolhoof van Sandwater Primêr, Hennie Ferreira, lewer ‘n reuse bydra tot die welstand van Umzamowethu se kinders.<br>Die Living Ubuntu Créche open vroeg in die nuwe jaar en behoort ‘n groot inset te lewer in die opvoeding van die kindertjies.<br>Adriaan het ook begin met ‘n handvaardigheidsgroep en hul handwerk sal te koop aangebied word by die Kontreimark.<br>Fanie bedank vir Adriaan vir sy betrokkenheid en reuse werk wat hy doen in Umzamowethu - dit is ‘n welsynstaak en hy versoek mense om betrokke te raak en hul hulp aan te bied. | **6.8 UMZAMOWETHU**<br>Adriaan van Wyk stressed his concern about the socio-economic conditions in Umzamowethu as well as the huge problem of alcohol and drug abuse among the children.<br>The team of Living Water and the principal of Sandwater Primary, Hennie Ferreira, make a huge contribution to the well-being of Umzamowethu's children.<br>The Living Ubuntu Crèche opens early in the new year and should make a great contribution to the education of the children.<br>Adriaan also started a craft group and their products will be for sale at the Kontreimark.<br>Fanie thanked Adriaan for his involvement and huge work that he does in Umzamowethu - it is a charity task and he asked people to get involved and offer their help. |
| **6.9 VUURWERKE**<br>Die afvuur van vuurwerke is onwettig en veroorsaak ‘n brandgevaar. Almal se samewerking word gevra om geen vuurwerkte of papierlaterns af te vuur nie. | **6.9 FIRE WORKS**<br>The use of fireworks is illegal and a fire hazard. Walter asked everyone’s co-operation to refrain from the use of fireworks and paper lanterns. |
| **6.10 HONDE OP DIE STRAND**<br>Willie du Plessis spreek sy kommer uit oor die groot toename in honde sonder leibande op die strand en sommige mense | **6.10 DOGS ON THE BEACH**<br>Willie du Plessis raised his concern about the increase of dogs without leashes on the beach and some people with no |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | wat geen respek toon vir mede-vakansiegangers nie. Die Oestervangers wat gewoonlik voor sy huis loop het sedert die aanvang van die vakansie verdwyn as gevolg van die groot hoeveelheid honde sonder leibande op die strand.<br>Die probleem sal met KM amptenare bespreek word om 'n geskikte oplossing te kry vir hierdie probleem en ook vir die onwettige voertuie op die strand. | | respect for other holiday makers. The Oyster Catchers have disappeared from the area in front of his house since the start of the holiday due to the huge amount of dogs without leashes.<br>The problem will be discussed with officials of KM to find a workable solution for this matter as well as the problem with illegal vehicles on the beach. |
| **6.11** | **LEWENSREDDERS**<br>Die NSRI hanteer hierdie jaar die organisasie van die lewensredders en Lodewyk en sy span word bedank vir hierdie reuse taak. | **6.11** | **LIFE SAVERS**<br>NSRI took responsibility for the organizing of the life savers and Lodewyk and his team were thanked for this huge task. |
| **6.12** | **KONTREIMARK**<br>Die Kontreimark vind plaas op Maandag, 23 Desember in die saal aangesien die tent te klein geword het om dit te huisves. Die Windmeul vorm ook deel van die mark en daar sal ongeveer 40 uitstallers wees. Fanie moedig almal aan om dit te ondersteun.<br>Alle betrokkenes word bedank vir hul harde werk. | **6.12** | **REGION MARKET**<br>The Region Market will be held on Monday, 23 December in the hall seeing that the space in the tent is no longer sufficient. The Windmeul will form part of the market and about 40 exhibitionists are expected. Fanie asked for everybody's support.<br>All parties involved were thanked for the hard work. |
| **6.13** | **KERSDIENS**<br>Die Kersdiens sal soos gebruiklik op 25 Desember om 09:00 in die Oesterbaai Gemeenskapsaal plaasvind. Dr. Tolmay sal die diens waarneem. Die kollekte sal aangewend word vir die instandhouding van die saal en gemeenskapswerk in Umzamowethu. | **6.13** | **CHRISTMAS SERVICE**<br>The Christmas service would as usual be held on 25 December at 09:00 in the Oyster Bay Community Hall. Dr. Tolmay would conduct the service. The collection would be used for the maintenance of the hall and community work in Umzamowethu. |
| **6.14** | **FINANSIES**<br>Walter bedank Martiens Kunneke vir die nougesette bestuur van die finansies.<br>Martiens bedank Hettie vir die nagaan van die state en doen verslag:<br>Totale inkomste: R120 856.81<br>Totale uitgawe: R116 122.99<br>Netto Oorskot: R4 733.82<br>Die bedrae ontvang ten opsigte van donasies en ledegeld het gestyg.<br>Grootste uitgawe is omgewingsake, paaie en instandhouding.<br>Martiens herinner weer almal aan die R500/huishouding per jaar wat 'n groot bydrae sal lewer om bogenoemde uitgawes te dek. | **6.14** | **FINANCIAL REPORT**<br>Walter thanked Martiens Kunneke for the conscientious management of the finances.<br>Martiens thanked Hettie for the checking of the statements and reported:<br>Total income: R120 856.81<br>Total expenditure: R116 122.99<br>Net surplus: R4 733.82<br>Amounts received as donations and membership fees were more than the previous year.<br>Biggest expenditure is environmental affairs, roads and maintenance.<br>Martiens reminded members about the R500/household per year. This income will |

| | |
|---|---|
| Alle gereelde donateurs word bedank. | assist in covering the above expenditure. Regular contributors were thanked. |
| **6.15 LIDMAATSKAP**<br>Opbetaalde ledetal is tans 226 (96 families) en daar word weer 'n beroep gedoen op eienaars, inwoners of belangstellendes wat ons dorp se belange op die hart dra, om aan te sluit by die vereniging. | **6.15 MEMBERSHIP**<br>Current paid-up members were 226 (96 families) and all property owners, residents, visitors or any other persons who had the interest of Oyster Bay at heart, were urged to register as members of the Association. |
| **6.16 IDP**<br>Walter Kurten gee terugvoering:<br>Die twee IDP vergaderings wat gehou is, is deur die Bestuurskomiteelede wat beskikbaar was, bygewoon. Die proses behels dat insette gemaaak word en dat die Munisipale Raad dan die prioriteite vir elke wyk bepaal. Tydens die laaste vergadering wat in November 2019 gehou is, is ons versoek dat werkskepping as eerste prioriteit gestel moet word, aanvaar. Dit het die uitbreiding van grond vir behuising in Umzamowethu na proriteit 2 verplaas.<br>Meer inligting is beskikbaar op die Kouga Munisipaliteit webtuiste. | **6.16 IDP**<br>Walter Kurten gave feedback:<br>The Management Committee members available attended the two IDP meetings that were held. The process entails that inputs are obtained from each ward and the Municipal Council then determine priorities for each ward. At the last meeting in November 2019, we requested that work creation be listed as first priority. This moved the expansion of ground for housing in Umzamowethu to priority 2.<br>More information is available on the Kouga Municipal website. |
| **6.17 VERFRAAIING VAN DIE DORP**<br>Die Bestuurskomitee het weer toegesien dat die verkeerseilande deurlopend netjies gehou word.<br>Deurlopende skakeling met die Munisipale amptenare het ook plaasgevind om die sypaadjies te ontbos en te sny.<br>Die tekort aan straatname word geopper en Walter bevestig dat dit in die IDP opgeneem is as ‘n prioriteit. | **6.17 BEAUTIFYING THE TOWN**<br>The Management Committee ensured that the traffic islands were well kept.<br>Continuous communication with Municipal officials ensured that the bushes have been removed from the sidewalks and the grass mowed.<br>The lack of street names was discussed and Walter confirmed that the matter was prioritized in the IDP. |
| **6.18 KLANKSTELSEL**<br>Die Bestuurskomitee het tydens die eerste vergadering van 2019 die aankoop van ‘n klankstelsel bespreek, maar daar is besluit dat die koste daaraan verbonde en min kere wat dit gebruik word, nie lewensvatbaar is nie.<br>Choppie Linström word bedank vir die gereelde gebruik van sy klankstelsel. | **6.18 SOUND SYSTEM**<br>During the first meeting of 2019 the Management Committee discussed the acquisition of a sound system, but decided against due to the costs and the low frequency of usage.<br>Choppie Linström was thanked for the regular use of his sound system. |
| **6.19 BIBLIOTEEK**<br>Almal teenwoordig word genooi om die verbeterde biblioteek te besoek en Anita | **6.19 LIBRARY**<br>All present were invited to visit the improved library and Anita Swanepoel and |

| | |
|---|---|
| Swanepoel en Hylien de Jonge word bedank vir die aangename atmosfeer wat hulle daar skep om almal welkom te laat voel. | Hylien de Jonge were thanked for the pleasant atmosphere they created to make people feel welcome. |
| **7. ANDER SAKE**<br>**7.1 OMGEWINGSVERRYKING**<br>Otto Pepler wil graag 'n groep stig wat omsien na die verryking en bewaring van die omgewing in en om Oesterbaai. Die uitlê van wandelpaaie, 'n moontlike voëlpark en die bewaring van die strandgebied is 'n paar van die voorstelle. Vrywilligers word gevra en Henk Bloem, Kobus de Meyer and Paul Jooste bied hul hulp aan. Herman Stoffberg en Bouwen Schellingerhout sal ook genader word. | **7. OTHER MATTERS**<br>**7.1 ENVIRONMENTAL ENRICHMENT**<br>Otto Pepler would like to establish a group that looks at the enrichment and conservation of the environment in and around Oyster Bay. Some of the suggestions include the layout of hiking trails, a possible bird park and the conservation of the beach area. Volunteers were asked and Henk Bloem, Kobus de Meyer and Paul Jooste offered to assist. Herman Stoffberg and Bouwen Schellingerhout will also be approached. |
| **8. GRONDWET**<br>Die voorgestelde veranderings aan die grondwet is aan al die lede versprei. Die veranderings word aanvaar.<br>Voorgestel deur: Barry Tolmay.<br>Gesekondeer deur: Willie du Plessis<br>Krisjan Korf word bedank vir sy hulp hiermee. | **8. CONSTITUTION**<br>The proposed changes to the constitution were circulated to all members. The changes were accepted.<br>Proposed by: Barry Tolmay.<br>Seconded by: Willie du Plessis<br>Krisjan Korf was thanked for his help with this. |
| **9. VERKIESING VAN BESTUURSLEDE**<br>Al die lede van die Bestuurskomitee, behalwe Riekie Pienaar, se termyn verstryk eers aan die einde van 2020. Riekie stel haarself weer verkiesbaar en sy word eenparig herkies. | **9. ELECTION OF COMMITTEE MEMBERS**<br>All members of the Management Committee, except for Riekie Pienaar, were elected for a 2 year period which will only expire at the end of 2020. Riekie was eligible for re-election and was re-elected unanimously. |
| **10. BEDANKINGS**<br>Willie du Plessis bedank die Bestuurskomitee vir hul toegewyde diens die afgelope paar jaar waartydens baie vermag is en 'n klomp goed in plek geval het. | **10. ACKNOWLEDGEMENTS**<br>Willie du Plessis thanked the Management Committee for their dedicated service over the past few years during which much has been achieved and a number of things have fallen into place. |
| **11. AFSLUITING**<br>Walter Kurten bedank almal vir hulle teenwoordigheid en ondersteuning en wens een en almal 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe! | **11. CLOSING**<br>Walter Kurten thanked everyone for their presence and support and wished one and all a blessed Christmas and a prosperous New Year! |

……………………………………………. ……………………………………………. ……………………………………

**GOEDGEKEUR** **SEKRETARESSE** **DATUM**

**W J KURTEN**

**VIR GOEDKEURING TYDENS DIE AJV, DESEMBER 2020/TO BE APPROVED AT THE AGM, DECEMBER 2020**